

Hoofstuk van die dag: Jesaja 52

Hoe wonderlik klink op die berge die voetstappe van hom wat die goeie boodskap bring, wat vrede aankondig, wat die goeie tyding bring, wat redding aankondig, wat vir Sion sê: “Jou God is Koning!” (vers 7)

Ons roeping in die wêreld is om hoop te bring waar ander moedeloos en raadop is. Maar dis moeilik as jy, net soos almal om jou, in die diepste dale van ellende sit. Dit was min of meer die situasie met die Jode in ballingskap. Alles was verkeerd. Niks het vir hulle reg geloop nie, en hulle sit in sak en as, moedeloos en uitsigloos.
In dié ellende kom die boodskap (vers 1 en 7): Tel op jou kop! Ruk jou reg! Jou God is immers Koning!
Ons is geneig om in ons dop te kruip as dinge sleg lyk, en al waaraan ons dan kan dink, is dat die slegte dinge moet verbygaan. Maar soos Jesaja van ouds roep Jesus ons ook op om in die midde van angs en radeloosheid anders te reageer as mense wat Hom nie ken nie (Luk 21:25-28). Dán is dit tyd om regop te staan en ons kop op te tel, want Hy is naby.
Tel op jou kop en skep moed! Ons Here is Koning!

Onlangse Bydraes

- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob
- Joh 8:1-11 Jesus, jy en ander mense

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026